Oordenking
5 Oktober 2009

Liefde vir geld

Jesus het gesê: *" Geen werker kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie." (Luk 16:13).*

Ons dien of vir God of ons dien "mammon" – die woord wat Jesus vir geld gebruik het as dit 'n afgod in mense se lewens geword het. Wanneer liefde vir geld die belangrikste motiveerder in ons lewens word, kan ons Jesus nie meer liefhê soos Hy van ons eis dat ons Hom moet liefhê en dien nie.

My dade, passie en keuses wys wie ek werklik dien. Die meeste van ons sê dat ons God dien en liefhet, maar ons lewenswyse openbaar dikwels dat ons geld liewer het. Ons dien God nie in die mees fundamentele maniere wat Hy vereis nie, naamlik om getroue rentmeesters te wees van dit wat syne is, maar wat Hy aan ons toevertrou het in die belang van sy koninkryk nie. Ons kan ons dit nie voorstel om ons rykdom selfopofferend te deel nie, want ons is heeltemal te lief vir ons geld en wil nog baie meer daarvan hê. Geld het ons meester geword en God is dit daarom nie meer nie. En soos Jesus gesê het, kan 'n mens nie twee base dien nie, want jy sal die een liefhê en die ander een afskeep.

Jesus het ook gesê (Mat 6: 28 – 34) : *En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges? "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.* ***Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.*** *"Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."*

Geseënd is elkeen wat die eenvoudige leefstyl van diensbaarheid volgens die voorbeeld van Christus uitleef en getroue bestuurders is van God se gawes. Hulle sal die ewige rykdom van God se hemelse koninkryk erf en vir ewig saam met Christus regeer.